**Tabel 1: Tariewe vir motorvoertuigklas: Klas C**

| Plazanaam en -plek (Kolom 1) | Standaard-tarief (Kolom 2) | Tarief wat deur geregistreerde e-tag gebruikers betaal moet word (Kolom 3) | Tarief wat deur nie-geregistreerde e-tag gebruikers betaal moet word (Kolom 4) | Tarief wat deur geregistreerde VLN gebruikers betaal moet word (Kolom 5) | Tarief wat deur alternatiewe gebruikersbetaal moet word (Kolom 6) |
|---|---|---|---|---|---|
| 1, Barbet (N1-21) | R 29.00 | R 15.00 | R 29.00 | R 29.00 | R 87.00 |
| 2, Mossie (N1-21) | R 29.00 | R 15.00 | R 29.00 | R 29.00 | R 87.00 |
| 3, Indlazi (N1-21) | R 28.13 | R 14.55 | R 28.13 | R 28.13 | R 84.39 |
| 4, Pikoko (N1-21) | R 28.13 | R 14.55 | R 28.13 | R 28.13 | R 84.39 |
| 5, Ivusi (N1-21) | R 26.68 | R 13.80 | R 26.68 | R 26.68 | R 80.04 |
| 6, Flamingo (N1-21) | R 26.68 | R 13.80 | R 26.68 | R 26.68 | R 80.04 |
| 7, Ihobe (N1-21) | R 32.48 | R 16.80 | R 32.48 | R 32.48 | R 97.44 |
| 8, Sunbird (N1-20) | R 32.48 | R 16.80 | R 32.48 | R 32.48 | R 97.44 |
| 9, Tarentaal (N1-20) | R 24.94 | R 12.90 | R 24.94 | R 24.94 | R 74.82 |
| 10, Blouvalk (N1-20) | R 24.94 | R 12.90 | R 24.94 | R 24.94 | R 74.82 |
| 11, Owl (N1-20) | R 31.03 | R 16.05 | R 31.03 | R 31.03 | R 93.09 |
| 12, Pelican (N1-20) | R 31.03 | R 16.05 | R 31.03 | R 31.03 | R 93.09 |
| 13, King Fisher (N1-20) | R 27.55 | R 14.25 | R 27.55 | R 27.55 | R 82.65 |
| 14, Ukhozi (N1-20) | R 27.55 | R 14.25 | R 27.55 | R 27.55 | R 82.65 |
| 15, Fiscal (N1-20) | R 24.36 | R 12.60 | R 24.36 | R 24.36 | R 73.08 |
| 16, Stork (N1-20) | R 24.36 | R 12.60 | R 24.36 | R 24.36 | R 73.08 |
| 17, Ilowe (N1-20) | R 5.80 | R 3.00 | R 5.80 | R 5.80 | R 17.40 |
| 18, Leeba (N3-12) | R 20.88 | R 10.80 | R 20.88 | R 20.88 | R 62.64 |
| 19, Ibis (N3-12) | R 20.88 | R 10.80 | R 20.88 | R 20.88 | R 62.64 |
| 20, Kiewiet (N3-12) | R 22.33 | R 11.55 | R 22.33 | R 22.33 | R 66.99 |
| 21, Kwikkie (N3-12) | R 22.33 | R 11.55 | R 22.33 | R 22.33 | R 66.99 |
| 22, Starling (N3-12) | R 23.78 | R 12.30 | R 23.78 | R 23.78 | R 71.34 |
| 23, Rooivink (N3-12) | R 23.78 | R 12.30 | R 23.78 | R 23.78 | R 71.34 |
| 24, Mpshe (N3-12) | R 19.14 | R 9.90 | R 19.14 | R 19.14 | R 57.42 |
| 25, Oxpecker (N3-12) | R 19.14 | R 9.90 | R 19.14 | R 19.14 | R 57.42 |
| 28, Phakwe (N12-18) | R 21.46 | R 11.10 | R 21.46 | R 21.46 | R 64.38 |
| 29, Thaha (N12-18) | R 30.45 | R 15.75 | R 30.45 | R 30.45 | R 91.35 |
| 30, Lenong (N12-18) | R 32.48 | R 16.80 | R 32.48 | R 32.48 | R 97.44 |
| 31, Lekgwaba (N12-18) | R 23.49 | R 12.15 | R 23.49 | R 23.49 | R 70.47 |
| 32, Loerie (N12-19) | R 31.90 | R 16.50 | R 31.90 | R 31.90 | R 95.70 |
| 33, Gull (N12-19) | R 31.90 | R 16.50 | R 31.90 | R 31.90 | R 95.70 |
| 34, Ilanda (N12-19) | R 23.49 | R 12.15 | R 23.49 | R 23.49 | R 70.47 |
| 35, Bee-eater (N12-19) | R 23.49 | R 12.15 | R 23.49 | R 23.49 | R 70.47 |
| 37, Hadeda (R21-1) | R 23.49 | R 12.15 | R 23.49 | R 23.49 | R 70.47 |
| 38, Ntsu (R21-1) | R 23.49 | R 12.15 | R 23.49 | R 23.49 | R 70.47 |
| 39, Heron (R21-1) | R 28.71 | R 14.85 | R 28.71 | R 28.71 | R 86.13 |
| 40, Bluecrane (R21-1) | R 28.71 | R 14.85 | R 28.71 | R 28.71 | R 86.13 |
| 41, Swael (R21-2) | R 40.60 | R 21.00 | R 40.60 | R 40.60 | R 121.80 |
| 42, Letata (R21-2) | R 40.60 | R 21.00 | R 40.60 | R 40.60 | R 121.80 |
| 43, Swan (R21-2) | R 33.35 | R 17.25 | R 33.35 | R 33.35 | R 100.05 |
| 44, Weaver (R21-2) | R 33.35 | R 17.25 | R 33.35 | R 33.35 | R 100.05 |
| 45, Hornbill (R21-2) | R 17.69 | R 9.15 | R 17.69 | R 17.69 | R 53.07 |
| 47, Ugaga (N12-19) | R 26.68 | R 13.80 | R 26.68 | R 26.68 | R 80.04 |
| 48, Inkovu (N4-1) | R 31.61 | R 16.35 | R 31.61 | R 31.61 | R 94.83 |
| 49, Penguin (N4-1) | R 31.61 | R 16.35 | R 31.61 | R 31.61 | R 94.83 |

**Tariewe vir dagpasgebruikers**

3.4 'n Dagpasgebruiker betaal die tarief soos in Tabel 2 uiteengesit, vir die besondere klas van motorvoertuig.

**Tabel 2: Tariewe betaalbaar deur Dagpasgebruikers**

| Voertuigklas | Tarief vir elke 24 uur tydperk |
|---|---|
| A1 | R30.00 |
| A2 | R50.00 |
| B | R125.00 |
| C | R250.00 |

**4. Klasse van motorvoertuie**

4.1 Die klasse van motorvoertuie vir die doel van die GDVP-tolpaaie word in Tabel 3 hieronder weergegee.

4.2 Om vir 'n spesifieke motorvoertuig klas te kwalifiseer, moet die motorvoertuig die afmetings soos in die onderstaande tabel uiteengesit, hê.

**Tabel 3: Klasse van motorvoertuie**

| Klas | Motorvoertuigtipe | Afmetings van motorvoertuig |
|---|---|---|
| A1 | Motorfietse | Lengte onder 3,0 meter<br>Breedte onder 1,3 meter<br>Hoogte onder 2,5 meter |
| A2 | Ligte motorvoertuie (uitsluitend motorfietse en slegs indien die motorvoertuig sonder 'n sleepwa nie as 'n Klas B en C motorvoertuig kwalifiseer nie)) | Lengte onder 6,0 meter<br>Hoogte onder 2,5 meter<br>Sleepwaens wat aan die onderstaande vereistes voldoen, word nie in ag geneem wanneer afmetings vir ligte motorvoertuie geneem word nie:<br>1. Dit is ontwerp of aangepas om deur 'n sleepstang van 'n Klas A2 motorvoertuig , getrek te word.<br>2. Dit is nie selfaangedrewe nie.<br>3. Dit 'n sentrale as of sentrale asse het.<br>4. Die bruto voertuigmassa is nie meer as 3 500 kilogram nie.<br>Dit beteken dat 'n motorvoertuig korter as 6,0 meter met 'n sleepwa wat die totale lengte van beide voertuie langer as 6,0 meter maak, as 'n Klas A2 voertuig geklassifiseer word.<br>Indien die motorvoertuig 'n leunwa sleep, kwalifiseer die motorvoertuig kombinasie nie as 'n Klas A2 ligte motorvoertuig nie. Dit is ongeag of die motorvoertuig wat die leunwa sleep korter as 6,0 meter is of nie. 'n Leunwa se betekenis word in die Nasionale Padverkeerswet omskryf. |

| Klas | Motorvoertuigtipe | Afmetings van motorvoertuig |
|---|---|---|
| B | Klein swaar motorvoertuie<br>(maar slegs indien die motorvoertuig nie as 'n klas A2 of Klas C motorvoertuig kwalifiseer nie) | Lengte, insluitende 'n sleepwa, van 6,0 meter of meer, maar nie meer as 12,5 meter nie<br>of<br>Lengte, insluitende enige sleepwa, van 6,0 meter en hoogte van 2,5 meter of meer |
| C | Groot swaar motorvoertuie<br>(maar slegs indien die motorvoertuig nie as 'n Klas A2 of Klas B motorvoertuig kwalifiseer nie) | Lengte, insluitende enige sleepwa, van meer as 12,5 meter |

**5. Afslag wat op Tariewe van toepassing is**

Die som van al die kortings ten opsigte van 'n e-toltransaksie mag nie die bedrag van tol betaalbaar met betrekking tot sodanige transaksie oorskry nie;

**Soorte afslag tot aan einde van die grasietydperk**

5.1 Daar is drie soorte afslag wat van toepassing is indien betaling gedurende die grasietydperk gemaak is:

5.1.1 tyd-van-die-dag afslag;

5.1.2 gereelde gebruikerafslag; en

5.1.3 grasietydperk afslag vir alternatiewe gebruikers.

5.2 Tyd-van-die-dag-afslag en gereelde gebruikerafslag word op die standaardtarief soos in Kolom 2 van Tabel 1 uiteengesit, bereken, gebaseer op die besondere motorvoertuigklas.

5.3 Alle afslaë is van toepassing op 'n spesifieke motorvoertuig en nie op 'n e-tolrekening, wat gebruik kan word om aanspreeklikheid vir tol te vereffen.

**Soorte afslag na die grasietydperk verval het**

5.4 Daar is twee soorte afslag wat van toepassing is na die grasietydperk verval het, en dié afslag is die enigste afslag van toepassing na die grasietydperk:

5.4.1 afslag vir alternatiewe gebruikers; en

5.4.2 eenmalige afslag vir alternatiewe gebruikers,

en sodanige afslag word volledig beskryf en is van toepassing onder die omstandighede en onderhewig aan die voorwaardes soos hieronder uiteengesit.

**Tyd-van-die-dag afslag**

**'n Afslag gebaseer op die tyd van die dag**

5.5 Die tyd-van-die-dag afslag gee afslag aan gebruikers wat op sekere tye van die GDVP-tolpaaie gebruik maak.

5.6 'n Tyd-van-die-dag afslag is van toepassing op die volgende kategorieë van gebruikers in alle motorvoertuig klasse:

5.6.1 'n geregistreerde e-tag gebruiker;

5.6.2 'n nie-geregistreerde e-tag gebruiker;

5.6.3 'n geregistreerde VLN gebruiker; en

5.6.4 'n alternatiewe gebruiker, onderhewig aan betaling binne die grasietydperk.

5.7 Die tyd-van-die-dag afslag word toegepas deurdat die Agentskap aftrek van die tarief wat die gebruiker normaalweg aanspreeklik is om te betaal vir die gebruik van die motorvoertuig op die GDVP-tolpaaie, die bedrag gelykstaande aan die persentasie van die standaardtarief, en sodanige persentasie is die persentasie wat ooreenstem met die tyd van die dag van gebruik van die motorvoertuig soos aangetoon in Tabel 4 vir die betrokke klas motorvoertuig.

5.8 Die Agentskap verminder die tarief met die afslag wat van toepassing is op die relevante gebruiker. Dit is addisioneel tot enige ander afslag wat van toepassing mag wees.

**Tabel 4: Tyd-van-die-dag afslag**

| Tyd-van-die-dag afslag: Klasse A1 en A2 | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Tyd van die dag | Weeksdag | Saterdag | Sondag | Openbare vakansiedag |
| Na 00:00 tot en met en insluitend 05:00 | [illegible] | [illegible] | [illegible] | [illegible] |
| Na 05h00 tot en met en insluitend 06h00 | 10% van standaard tarief verminder | | | |
| Na 06:00 tot en met en insluitend 10:00 | [illegible] | 15% van standaard tarief verminder | 15% van standaard tarief verminder | |
| Na 10:00 tot en met en insluitend 14:00 | 5% van standaard tarief verminder | | | |
| Na 14:00 tot en met en insluitend 18:00 | [illegible] | | | |
| Na 18:00 tot en met en insluitend 23:00 | 10% van standaard tarief verminder | [illegible] | [illegible] | |
| Na 23:00 tot en met en insluitend 00:00 | [illegible] | | | |

| Tyd-van-die-dag afslag: Klasse B en C | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Tyd van die dag | Weeksdag | Saterdag | Sondag | Openbare vakansiedag |
| Na 00:00 tot en met en insluitend 05:00 | [illegible] | [illegible] | [illegible] | [illegible] |
| Na 05:00 tot en met en insluitend 06:00 | 25% van standaard tarief verminder | | | |
| Na 06:00 tot en met en insluitend 08:30 | [illegible] | 25% van standaard tarief verminder | 25% van standaard tarief verminder | |
| Na 08:30 tot en met en insluitend 16:00 | 20% van standaard tarief verminder | | | |
| Na 16:00 tot en met en insluitend 18:00 | [illegible] | | | |
| Na 18:00 tot en met en insluitend 19:00 | | | | |
| Na 19:00 tot en met en insluitend 23:00 | 25% van standaard tarief verminder | [illegible] | [illegible] | |
| Na 23:00 tot en met en insluitend 00:00 | [illegible] | | | |

**Afslag vir gereelde gebruikers**

5.9 Die gereelde gebruikerafslag is slegs van toepassing op geregistreerde e-tag gebruikers.

5.10 Die gereelde gebruikerafslag is 'n afslag op die standaardtarief soos in Kolom 2 van Tabel 1 aangedui word en sodanige afslag-

5.10.1 is gebaseer op hoe gereeld 'n geregistreerde e-tag gebruiker die GDVP-tolpaaie in 'n spesifieke motorvoertuig gedurende 'n kalendermaand gebruik;

5.10.2 is van toepassing waar die gereeldheid van gebruik van 'n motorvoertuig in 'n kalendermaand, wat uitgedruk word as die totale geldwaarde van alle e-tol transaksies wat aangegaan word deur 'n motorvoertuig in daardie kalendermaand,. die drempel soos in Tabel 5 bepaal, bereik;

5.10.3 is op elke motorvoertuig afsonderlik van toepassing;

5.10.4 is nie kumulatief op al die motorvoertuie wat 'n gebruiker gedurende 'n kalendermaand gebruik van toepassing nie;

5.10.5 word toegepas deurdat die Agentskap van die tarief soos in Kolom 3 van Tabel 1 aangetoon die waarde van die persentasie soos aangetoon in Tabel 5 van toepassing op die ooreenstemmende drempelwaarde, aftrek;

5.10.6 is slegs van toepassing op daardie transaksies of gedeeltes daarvan wat plaasvind wanneer die drempelwaarde bereik is en slegs vir die oorblywende gedeelte van daardie kalendermaand, maar verminder nie die aanspreeklikheid vir tol nadat aanspreeklikheid reeds ontstaan het voordat die drempel bereik is nie;

5.10.7 maak nie die gebruiker geregtig om enige tol van die Agentskap terug te eis wat die gebruiker reeds betaal het of wat die gebruiker aanspreeklik is om te betaal nie vir sy of haar gebruik van die tolpad nie.

5.11 Die waarde van die e-toltransaksies in 'n kalendermaand word bereken op die tariewe soos in Kolom 3 van Table 1 aangetoon, minus enige tyd-van-die- dag afslag en enige ander toepaslike afslag.

5.12 'n 15% afslag is van toepassing op e-toltransaksies wat plaasvind wanneer die gebruiker van 'n klas 2 motorvoertuig 'n drempel van R400,00 in e-toltransaksies in 'n kalendermaand bereik het.

5.13 Geen gereelde gebruikerafslag is van toepassing vir gebruikers van klas A2 motorvoertuie onder die R400.00 drempel nie.

5.14 Sodra die drempelwaarde soos aangetoon in die onderste ry van Tabel 5 bereik word vir die betrokke klas motorvoertuig, sal die gebruiker van daardie motorvoertuig wat daardie drempelwaarde bereik het vir die oorblywende gedeelte van daardie maand waarbinne die drempelwaarde bereik is, nie aanspreeklik wees vir enige verdere tol vir e-toltransaksies ten opsigte van daardie motorvoertuig nie, en dit word uitgedruk as 'n 100% afslag op alle verdere e-toltransaksies in daardie kalendermaand.

**Tabel 5: Gereelde gebruikerafslag**

| Persentasie afslag van toeassing op e-toltransaksies (ingevolge paaragrawe 5.10 tot 5.15) | Drempelwaarde van totale e-toltransaksies bereken teen die tarief soos aangetoon in Kolom 3 van Tabel 1 vir die kalendermaand, verminder met die tyd-van-die-dag-afslag en enige ander toepaslike afslag | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Klas A1 motorvoertuig | Klas A2 motorvoertuig | Klas B motorvoertuig | Klas C motorvoertuig |
| 0% afslag | R 0 to en met R 250.00 | R 0 tot en met R 400.00 | R 0 tot en met R 1750.00 | R 0 tot en met R 3500.00 |
| 15% afslag | | Bo R 400.00 tot en met R 450.00 | | |
| 100% afslag | Bo R 250.00 | Bo R 450.00 | Bo R 1750.00 | Bo R 3500.00 |

5.15 Die drempelwaardes vir die gereelde gebruiker soos uiteengesit in Tabel 5 word jaarliks in ooreenstemming met paragraaf 5.21 aangepas.

**Grasietydperkafslag vir alternatiewe gebruikers**

5.16 'n Alternatiewe gebruiker wat gedurende die grasietydperk betaal is geregtig op 'n afslag in so 'n mate dat die die gebruiker na afloop van die afslag die bedrag gelyk aan die bedrae wat in Tabel 6 hieronder aangedui is, betaal:

**Tabel 6: Grasietydperkafslag vir alternatiewe gebruikers**

| Bedrag na afslag | Voorwaardes vir 'n alternatiewe gebruiker om afslag op alternatiewe gebruiker tarief te ontvang |
|---|---|
| Tarief soos in Kolom 3 Tabel 1 uiteengesit | Indien die gebruiker by die Agentskap geregistreer is en in besit is van 'n e-tag wat by die Agentskap geregistreer is, maar die gebruiker voldoen nie aan die maatstawwe vir 'n geregistreerde e-tag gebruiker ten tye van die e-toltransaksie nie. |
| Tarief soos in Kolom 5 Tabel 1 uiteengesit | Indien die gebruiker deur die VLN geïdentifiseer is, maar die gebruiker voldoen nie aan die maatstawwe om 'n geregistreerde VLN gebruiker te wees ten tye van die e-toltransaksie nie. |

5.17 Tyd-van-die-dag en gereelde gebruikerafslag is nie van toepassing op alternatiewe gebruikers wat na die grasietydperk betaal nie.

5.18 5.18.1 Onderhewig aan die nakoming van die vereistes vir die afslag vir gereelde gebruikers, is die afslag vir gereelde gebruikers ook van toepassing op alternatiewe gebruikers met 'n geregistreerde e-tag wat binne die grasietydperk betaal. Indien die afslag wel van toepassing is, word dit bereken op die standaardtarief in Kolom 2 van Tabel 1 en afgetrek van die bedrag in soos uiteengesit in Kolom 1 van Tabel 6.

5.18.2 Onderhewig aan die nakoming van die vereistes vir die tyd-van-die-dag afslag, is tyd-van-die-dag afslag ook van toepassing op alternatiewe gebruikers wat binne die

grasietydperk betaal. Indien die afslag wel van toepassing is, word dit bereken op die standaardtarief in Kolom 2 van Tabel 1 en afgetrek van die bedrag soos uiteengesit in Kolom 1 van Tabel 6.

**Afslag vir alternatiewe gebruikers na die grasietydperk**

5.19 'n Alternatiewe gebruiker wat die GDVP-tolpaaie gebruik en versuim om binne die grasietydperk te betaal sal 'n afslag toegestaan word ten tye van betaling van die rekening onderhewig aan die bepalings van hierdie paragraaf. Die persentasie afslag beskikbaar aan die alternatiewe gebruiker, die transaksies waarop die afslag van toepassing is en die finale datum waarop die afslag van toepassing is, is -

5.19.1 60% van die tarief soos bepaal in Kolom 6 van Tabel 1, vir alle transaksies wat op die faktuur aangetoon word, en slegs indien die tolbetaling binne 30 dae na die datum van die faktuur gemaak word; of

5.19.2 30% van die tarief soos bepaal in Kolom 6 van Tabel 1, vir alle transaksies aangetoon op die faktuur, en slegs indien die tolbetaling gemaak word na 30 en voor 60 dae na die datum van die eerste faktuur.

**Eenmalige afslag vir alternatiewe gebruikers wat by die Agentskap na die grasietydperk registreer**

5.20 'n Alternatiewe gebruiker wat die GDVP-tolpad vir die eerste keer gebruik en versuim om binne die grasietydperk te betaal, maar wat–

5.20.1 by die Agenskap as 'n e-tag of VLN gebruiker registreer; en

5.20.2 die faktuur beoog in paragraaf 5.19 betaal,

binne 30 dae van die datum op daardie faktuur, is geregtig op 'n addisionele afslag sodat nadat al die afslae toegepas is, die gebruiker die bedrag gelykstaande aan die bedrag in Kolom 2 van Tabel 1 aangetoon, betaal.

Betaling soos bedoel in paragraaf 5.20.2 hierbo deur 'n gebruiker aan die Agentskap moet gemaak word onderhewig aan die voorwaardes wat die Agentskap mag bepaal en bekend maak.

**Aanpassing van tariewe en bedrae**

5.21 Die tariewe wat in die kennisgewing vertoon word mag deur 'n bepaling van die Minister jaarliks aangepas word: Met dien verstande dat sodanige aanpassing nie die verhoging in die verbruikersprysindeks vir die vorige 12 maande bereken, oorskry nie.

"E2"



# GOVERNMENT NOTICES
# GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

## DEPARTMENT OF TRANSPORT
## DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. 524 17 June 2015

**THE SOUTH AFRICAN NATIONAL ROADS AGENCY LIMITED AND NATIONAL ROADS ACT, 1998 (ACT No. 7 OF 1998)**

**GAUTENG FREEWAY IMPROVEMENT PROJECT, TOLL ROADS: PUBLICATION OF TOLLS**

The Head of the Department of Transport hereby makes known, in terms of section 27(3)(c) of the South African National Roads Agency Limited and National Roads Act, 1998 (Act No. 7 of 1998), that the Minister of Transport has, in terms of section 27(3)(a) of the Act and on the recommendation of the South African National Roads Agency SOC Ltd, determined the tolls to be levied, and the rebates thereon and any increases and reductions thereof in the Schedule hereto, on the following roads:

**As declared by Government Notices No. 349 to 354 in Government Gazette No. 30912 of 28 March 2008**

- N1 sections 20 and 21
- N3 section 12
- N4 section 1
- N12 sections 18 and 19

**As declared by Government Notice No. R.800 in Government Gazette No. 31273 of 28 July 2008**

- R21 sections 1 and 2

The tolls to be levied on these roads in terms of section 27(3) of the Act are set out in the Schedule to this Notice.

The Minister of Transport has also determined, on the recommendation of the South African National Roads Agency SOC Ltd and in terms of section 27(3)(d) of the Act, that:

- the tolls that may be levied in terms of this Notice, will be payable from 2 July 2015 ("Effective Date");
- the provisions of paragraphs 5.20 to 5.23 of the Schedule shall not come into operation on the Effective Date and shall only become operative from a date subsequently determined by the Minister and made known by the Minister in the Gazette.

..............................
**Mr. Pule Godfrey Selepe**
**DIRECTOR-GENERAL: TRANSPORT**

